Visit testpapers.co.za for more past exam papers

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2023

# GRAAD 11

**EKONOMIE**

**VRAESTEL 2**

EXEMPLAR

**TYD:** 2 uur

**PUNTE:** 150

**12 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde wat die vereiste aantal oorskry, sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer bo-aan elke antwoord neer.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Laat 1 – 2 reëls oop tussen onderafdelings van vrae.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

EXEMPLAR

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Watter van die volgende is ʼn potensiële nadeel van ʼn monopolie vir die samelewing as geheel?

A Verhoogde doeltreffendheid
B Minder innovering
C Produk verskeidenheid
D Laer pryse

1.1.2 Die verskil tussen totale koste en veranderlike koste is … koste.

A marginale
B gemiddelde
C vasgestelde
D eenheids-

1.1.3 Skaalvoordele vind plaas wanneer …

A die koste per eenheid afneem en die uitset toeneem.
B die koste per eenheid toeneem en die uitset afneem.
C die koste per eenheid en die uitset afneem.
D die koste per eenheid en die uitset toeneem.

1.1.4 Wanneer die aanbod van ʼn goed afneem, bly ewewigsprys dieselfde. Wat is die pryselastisiteit van vraag van die goed?

A –1
B Nul
C +1
D Oneindig

1.1.5. Wat is teenwoordig in ʼn doeane-unie, maar nie in ʼn vryhandelsgebied nie?

A ʼn Gemeenskaplike eksterne tarief met die res van die wêreld.
B ʼn Gemeenskaplike monetêre stelsel.
C ʼn Gemeenskaplike belastingstelsel.
D Die vrye beweging van alle goedere, dienste en produksiefaktore.

1.1.6 DBI/FDI beweeg fisiese ... tussen lande

A goedere
B hulpbronne
C tegnologie
D kapitaal

EXEMPLAR

1.1.7 Aardverwarming is die gevolg van die vrystelling van … gasse in die atmosfeer.

A natuurlike
B waterstof
C kweekhuis
D suurstofryke

1.1.8 Die term groen ekonomie verwys na …

A ŉ ekonomie wat groen is.
B omgewingsvriendelike produksie-aktiwiteite.
C besoedelingstowwe wat deur fabrieke vrygestel word.
D inflasie.

(8 x 2) (16)

1.2 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Rekeningkundige wins | A Vraag neem toe wanneer inkomste toeneem |
| 1.2.2 Kartel | B Die verskeidenheid plant- en dierelewe in ŉ spesifieke area |
| 1.2.3 Langtermyn | C Firmas wat goedere en dienste in verskeie lande produseer |
| 1.2.4 Normale goedere | D Kom gewoonlik voor in ŉ oligopolisitiese markstruktuur |
| 1.2.5 Multinasionale ondernemings | E Internasionale ooreenkomste wat daarop gemik is om kweekhuisgasse te verminder |
| 1.2.6 Portefeulje-beleggings | F Lank genoeg sodat alle faktorinsette gevarieer kan word |
| 1.2.7 Kyoto-protokol | G Die verskil tussen ŉ firma se totale inkomste en eksplisiete koste |
| 1.2.8 Biodiversiteit | H Die aankoop van finansiële bates wat maklik in kontant omgeskakel kan word |
| | I Word deur verbruikers aangegaan wanneer hulle goedere koop |

(8 x 1) (8)

EXEMPLAR

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Pryse wat uitgedruk word as ŉ vergelyking met ander pryse

1.3.2 Totale inkomste gedeel deur die hoeveelheid verkoop

1.3.3 ŉ Verandering in prys sal ŉ groter persentasie verandering in die hoeveelheid aanbod veroorsaak

1.3.4 Die geleentheidskoste om ŉ goed of diens te produseer is laer as die ander land se geleentheidskoste

1.3.5 Die voorsiening van finansiering deur die regering om plaaslike besighede te ondersteun

1.3.6 Die versameling en dikwels herverwerking van weggooimateriaal vir hergebruik

(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

EXEMPLAR

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.


**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van veranderlike koste. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom is die GI -en MI-kromme gelyk in die volmaakte mark? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.2.1 Identifiseer ŉ voorbeeld uit die inligting hierbo wat in ŉ goedere mark gevind word. (1)

2.2.2 Noem EEN produksiefaktor wat nie in die bogenoemde inligting genoem word nie. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *mark.* (2)


2.2.4 Verduidelik die positiewe impak van mededinging op markte. (2)

2.2.5 Hoe beïnvloed natuurrampe die aanbod van produksiefaktore in die mark? (2 x 2) (4)

EXEMPLAR

2.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KOSTE- EN INKOMSTEKURWE VIR 'N FIRMA**




2.3.1 In die grafiek hierbo, teen watter prys vind allokatiewe doeltreffendheid plaas? (1)

2.3.2 Watter letter dui die winsmaksimering van die firma hierbo aan? (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *onvolmaakte mark*. (2)

2.3.4 Wat sal waarskynlik met die vraag na hierdie firma se uitset op die langtermyn gebeur? (2)

2.3.5 Verduidelik die patroon van die MK-kromme. (2 x 2) (4)

2.4 Bespreek kortliks die SMART-beginsel in die ontwerp van die doelwitte van besighede. (4 x 2) (8)

2.5 Hoe kan ’n firma se doelwit in ’n oligopolistiese mark verskil van die doelwit van ’n firma in ’n volkome-mededingende mark? (8)

**[40]**


**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE vervoermiddels wat wêreldwyd betrokke is. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe kan die regering bevel -en beheermaatreëls suksesvol gebruik om omgewingsvolhoubaarheid te verseker? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**[Bron: google images]**

3.2.1 Identifiseer EEN gevolg van globalisering uit die inligting hierbo. (1)

3.2.2 Watter globale instelling help lande in 'n finansiële krisis? (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *globalisering.* (2)

3.2.4 Wat is die effek van globalisering op ontwikkelende lande? (2)

3.2.5 Verduidelik die effek van ekonomiese integrasie binne die wêreld. (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



**[Bron: com/south-africa/pictures-pikitup-workers-strike-turns-joburg-city-dirt]**

3.3.1 Identifiseer die bruin omgewingskwessie wat hierbo geïllustreer word. (1)

3.3.2 Watter gebiede in ŉ land is dikwels hoogs besoedel? (1)

3.3.3 Beskryf die term *omgewingsvolhoubaarheid.* (2)

3.3.4 Verduidelik omgewingsbelasting as ŉ manier om die omgewing te onderhou. (2)

3.3.5 Waarom word nywerhede dikwels geblameer vir hulle bydra tot omgewings- en lugbesoedeling? (2 x 2) (4)

3.4 Verduidelik kortliks die hoofdoelwitte van die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte (MODe.) (4 x 2) (8)

3.5 Hoe kan vloede die ekonomie negatief beïnvloed? (8)
**[40]**

EXEMPLAR

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE hindernisse vir toetrede tot ŉ monopoliemark. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe sal die verwydering van Suid-Afrika uit die vryhandelsone die land se ekonomie beïnvloed? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**PLAASLIKE BESIGHEDE GEKREUPEL ONDER KRAGONDERBREKINGS**



Beurtkrag en kragonderbrekings het besigheidsure, produksie en inkomste verminder. Sommige besighede moes ook groot bedrae aan alternatiewe kragbronne bestee terwyl ander nie hierdie bykomende koste kan bekostig nie. Kragonderbrekings het bedryfskoste verhoog, wat lei tot verlies aan inkomste en dalende winsgrense, wat winsgewendheid beïnvloed.

**[Bron:https://germistoncitynews.co.za/305016/businesses-bear-the-brunt-of-power-woes/]**

4.2.1 Identifiseer die beperking wat besighede in die gesig staar in die uittreksel hierbo. (1)


4.2.2 Noem enige EEN voorbeeld van eksplisiete koste wat deur besighede aangegaan word. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *inkomste*. (2)

4.2.4 Waarna moet die besigheid kyk wanneer daar op ŉ vlak van uitset besluit word? (2)

4.2.5 Ontleed die rol van wins in ŉ besigheid. (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**[Bron: googleimages]**

4.3.1 Identifiseer die tipe ekonomie waarin die primêre sektor die meeste tot BBP sal bydra. (1)


4.3.2 Noem enige EEN vinnig-ontwikkelende land in Afrika. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *Noord/Suid-verdeling*. (2)

4.3.4 Hoe beïnvloed toegang tot veilige drinkwater lewensverwagting? (2)

4.3.5 Vergelyk die kenmerke van ryk (Noord) en arm (Suid) lande. (2 x 2) (4)

4.4 Verduidelik kortliks, met behulp van die onderstaande grafieke, hoe pryse vir 'n individuele produsent in 'n volmaakte mark bepaal word. (4 x 2) (8)




4.5 Wat is die voordele van die bevordering van globalisering? (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is ŉ laer-orde reaksie.<br>• ŉ Goeie beginpunt sou wees om die hoofkonsep wat verband hou met die vraagonderwerp te definieer.<br>• Moenie enige deel van die vraag in die inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal nie.<br>Vermy om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel**: Bespreek in detail/In-diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik/Teken ŉ grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek wat gegee is en verduidelik/ Voltooi die gegewe grafiek/Assesseer/Debatteer<br>**ŉ Maksimum van 8 punte mag toegeken word vir opskrifte/voorbeelde.**<br>**Bykomende deel:** Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Debatteer/Aflei/ Vergelyk/ Onderskei/Interpreteer/Hoe?/Stel voor<br>**ŉ Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir blote lys van feite.** | Maks. 26<br><br><br><br>Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking**<br>Enige gevolgtrekking van hoër orde moet die volgende insluit:<br>• ŉ Kort opsomming van wat bespreek is sonder om feite wat reeds genoem is, te herhaal<br>• Enige mening of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteuningsinligting om die bespreking/analise te versterk<br>• ŉ Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek, in detail, die pryselastisiteit van vraag (PEV) sonder die hulp van grafieke. (26 punte)
- Hoe kan die regering die pryselastisiteit van aanbod van noodsaaklike goedere verhoog? (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Ondersoek, in detail, die probleme wat die omgewing bedreig. (26 punte)
- Evalueer die implementering van die doelwitte van die Wêreldberaad oor Volhoubare Ontwikkeling in Suid-Afrika. (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**

EXEMPLAR